111511 50?

# DIE HERE EN DIE HUWELIK.

(Ds. Beyers Naudé.)

Efese 5 vss 22 en 25: Vroue, wees aan julle eie manne onderdanig, soos aan die Here.
Manne, julle moet jul eie vroue liefhê soos Christus ook die gemeente liefgehad het.

Daar is duisende huise waar die naam van God aangeroep word waar die glans van geluk op die gesigte van man en vrou die getuienis gee: Hier heers liefde, want God woon hier. Daar is ander huise waar die naam van God ook nog aangeroep word waar die stremming van spanninge op gesigte getuienis gee: Hier heers verdeeldheid, stille verwydering of openlike verbittering! Daar is ook nog 'n derde groep: huise wat nie meer huise is nie omdat die huweliksliefde en die huwelikstrou daar nie meer is nie.

Vir elkeen van hierdie huise en harte het God 'n boodskap - 'n boodskap wat ons aandagtig, biddend, verwagtend wil beluister. Wie weet watter nuwe lig dit kan laat opgaan in baie harte! Wie weet watter ~~liefdesv~~ liefdesvure dit kan aansteek wat op die oomblik flou brand of reeds sterwend is! Of vure wat warm gloei nog helderder sal laat opvlam sodat in die lig daarvan hulle pad sal vind!

Om dit moontlik te maak is daar net een pad: om ons lig te gaan aansteek by die ewige lig van Gods Woord. Ons teksverse kom uit die slotgedeelte van die Efesebrief. In hoofstukke I - 4 voer die skrywer, Paulus, die gelowiges op na die hemel; in hoofstuk 5 stap ons uit die hemel in die huis. Is dit 'n antiklimaks? Inteendeel: dis die logiese, natuurlike toestand dat elke Christenhuis 'n hemel sal wees, 'n bron van gedurige geluk en seën. Die inhoud van die verse kan dus alleen verstaan word as ons dit sien teen die agtergrond van die inhoud van die vorige hoofstukke: dat die Christelike huisgesin terselfdertyd gesien moet word as lede van die Kerk van Christus.

In die gedeelte van hoofstuk 5 vss 22 - 33 handel Paulus oor: I. Die Aard van die Liefde tussen man en vrou; II. Die Grondslag van hierdie Liefde; en III. Die Resultaat van hierdie Liefde.

I. DIE AARD VAN DIE LIEFDE TUSSEN MAN EN VROU:

Paulus gee hier 'n dubbele opdrag - aan die man sowel as aan die vrou. Vir die vrou sê

hy: .... /2

hy: „Vroue, wees aan julle eie manne onderdanig, soos aan die Here". Vir die man sê hy: „Manne, julle moet jul eie vroue liefhê soos Christus ook die gemeente liefgehad het".

Hierdie voorskrif van Paulus aan die vrou het hom tot voorwerp van die bitterste aanvalle gemaak asof hy 'n vrouehater is wat die vrou wil verneder en haar in 'n blywende posisie van slaafse onderdanigheid wil hou! In werklikheid is dit juis hierdie woord van Paulus wat aan die vrou in die Christelike samelewing 'n nuwe status, 'n geestelike gelykwaardigheid gegee het wat in skerpe teenstelling staan teen haar slaafse posisie in heidenlande. Is ons moeilikheid nie dat ons 'n enkele uitspraak van Paulus neem en heeltemal uit verband ruk nie?

Wat presies sê hy hier? Hy vermaan die vrou om „onderdanig" te wees: en bedoel daarby die vrywillige onderwerping van die vrou aan die man as die deur God aangestelde hoof van die huisgesin. Dus: geen slaafse houding waarin sy geen regte geniet of geen voorregte ontvang - inteendeel: dis eers wanneer sy hierdie gebod gehoorsaam dat haar heiligste regte die beste beskerm word!

Hierdie opdrag word eers verstaan as ons let op die noodsaaklike en lewende verband met die vorige vers (vs. 21): „En aan mekaar onderdanig is in die vrees van God". Besonder interessant is dit om daarop te let dat die woord "onderdanig" wat in vers 21 gebruik word nie weer in die oorspronklike Grieks in die volgende vers herhaal word nie - dit word net veronderstel. Die onderdanigheid van die vrou vloei dus voort van 'n wedersydse onderdanigheid van man en vrou aan mekaar - en aan God die Here. Daarom beklemtoon Paulus ook verder dat die vrou se onderdanigheid aan die man in sy wese is 'n onderdanigheid „soos aan die Here". Het u al gedink wat presies dit beteken? Dat dit veronderstel 'n oorgawe so volkome, 'n vertroue so onbegrens, 'n hart so gerus, 'n leiding wat so gewillig ontvang word dat dit alle verstand - en ook alle misverstand - te bowe gaan? Vroue, is dit die liefde wat daar in u hart lewe vir u man?

En vir die man - wat sê Paulus vir hom? Luister weer: „Manne, julle moet jul eie vroue liefhê soos Christus ook die gemeente liefgehad het". Dus: 'n liefde so hoog, so heilig dat dit vergelyk word met Christus se liefde vir sy Kerk! Van die man word dus gevra 'n volkome oorgawe, toegewyde, opofferende diens, volmaakte simpatie en tere sorg. Eesr wanneer die man dit betoon het hy die reg om die

....../3

leierskap en die hoofskap van die familie vir hom toe te eien. Nêrens is daar enige spmake van die regte van die man: alle vorms van nalatigheid, verwaarlosing word dus veroordeel - om die eers te praat van ontrou of brutaliteit! Ook die opdrag aan die man moet gesien word in die lig van die voorafgaande woord (vs. 2I): „En aan mekaar onderdanig is in die vrees van God" asook in die lig van die I Kor. 7 vss. 3 en 4: „Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid gee, en net so ook die vrou aan die man. Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou".

En asof Paulus wil seker maak dat die man presies sal begryp wat die aard van sy liefde moet wees sê hy: „soos Christus die gemeente liefgehad het". Wil u weet hoe hierdie liefde was? Die antwoord vind u in verse 26 en 27: vir die gemeente het Christus homself oorgegge, om die te heilig en te reinig, om dit aan Homself voor te stel volmaak en sonder gebrek.

Manne, is dit die liefde wat daar in u hart lewe vir u vrou?

II. DIE GRONDSLAG VAN HIERDIE LIEFDE:

Hierdie opdrag wat Paulus gee aan beide man en vrou is nie 'n wispelturige, willekeurige opdrag, 'n voorskrif deur homself uitgedink om die vrou te verneder of die man te verhef nie. Inteendeel: by elkeen se opdrag gee hy die goddelike oorsprong aan, die ewige grondslag waarop elke opdrag rus.

By die vrou geld as grondslag vers 23: „Want die man is die hoof van die vrou soos Christus ook Hoof is van die gemeente". Dis die grondslag soos deur God self in die skeppingsordonnansie vasgelê (Gen. 2 vs 24) waar God aan die vrou gesê het: „Na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers". Maar hierdie heerskappy is en moet altyd wees een van liefde, van agting, van verstandige en taktvolle leiding. Die hele wese van die vrou, haar aard, haar samestelling bewys dan ook hoe waar hierdie woord is.

By die man geld as grondslag vers 28: „So behoort die manne hulle eie vroue lief te hê soos hulle eie liggame". Daarmee wou Paulus te kenne gee dat die vrou deel is van die man se lewe en liggaam: by die skepping reeds is sy uit die man se liggaam deur God geformeer en aan die man het God gesê: „Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef; en hulle sal een vlees wees".

Net so vanselfsprekend as wat dit is dat die man sy eie liggaam versorg en bewaar, net so vanselfsprekend is dit dat hy sy eie vrou sal bemin en beskerm.

Het u al gedink wat alles sal gebeur dié oomblik wanneer beide man en vrou hierdie deur God geskape posisie en status aanvaar, en hierdie grondslag erken as die enigste waarop 'n gelukkige huis gebou kan word??

III. <u>DIE RESULTAAT VAN HIERDIE LIEFDE</u>:

Wat is nou die resultaat van hierdie liefde? In watter lig kom die huwelik nou te staan? Dit laat ons die huwelik sien as:

(I) 'n Intieme, heilige, onbreekbare band tussen man en vrou - net so heilig en intiem as dié van Christus met sy Kerk;

(2) 'n Getuienis van elke getroude Christen-egpaar van hulle liefde wat as sinnebeeld moet dien van die liefde van Christus vir sy gemeente;

(3) Die hoogste vorm van gemeenskapslewe waar wedersydse welwillendheid en onderdanigheid die botoon vier!

Dit laat ons verder sien dat waar God nie 'n lewende vennoot is in die verhouding van man en vrou, daar word die verlowing onteer en d die huwelik ontheilig; dat daar waar albei hull eie wil en sin in alles nie elke dag onderwerp aan die wil en leiding van God, daar volg verwydering, verbittering, verbrokkeling.

Weerklink hierdie woord miskien in die huise of harte van twee mense waar spanning heers, waar verwydering gekom het, waar die liefde gekruisig is? In lewes waat ontvlugting soek in drank of huweliksontrou - dinge wat op hulle beurt net verdere verwoesting saai? Indien wel - moet dit so bly?

Ek weet hierdie woord word ook gedra in die harte en huise van mense wat diep gelukkig is in hulle huwelik - omdat God 'n lewende werklikheid is in hulle lewes en in hulle liefde. Besef u genoegsaam u voorreg en u verantwoordelikheid? Wat ek bedoel is dit: ek is bevoorreg om te staan in 'n werkkring waar baie jongmense openhartig hulle twyfel en vrees uitspreek oor die praktiese uitvoerbaarheid van hierdie Christelike huweliksideaal. Kan ons hulle kwalik neem as hulle beswaarlik glo - as ons dink aan alles wat om ons gebeur? Is dit dan nie juis ons grootste geleentheid as Christenmanne en vroue wat glo en weet dat die woord van God nog altyd waar is ook vir die huwelik om deur ons huwelik 'n glansende getuienis te gee wat die geloof in baie jong harte sal herstel?

Ons is so diep oortuig daarvan: die herstel van die huwelik lê nie in die howe van die wêreld nie, maar in die huise van Christene. Nie die Kerk as instituut, nie die staat deur sy wette, maar die Christene deur hulle getuienis moet weer hierdie eeuoue woord beklee met sy ou glans en heerlikheid:

„As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou".

Amen.